Saam bou ons 'n nalatenskap ~ vandag!
Building a legacy together ~ today!

Laerskool VAN RIEBEECKPARK Primary
DOELGERIG

Riebie Klanke

Jaargang 25 |KORONA-WEERGAWE |15 JANUARIE 2021 |d6 Communicator www.riebie.co.za

Hooftrekke

TEMA VIR 2021

Leer uit gister.
Leef vir vandag.
Werk vir môre.

BESTE RIEBIES

Dit was in die verlede ongewoon om 'n nuusbrief gedurende 'n skoolvakansie aan ouers te stuur, maar met die "nuwe normaal" is niks meer ongewoon nie.

Die skool se beplanning vir 2021 was om op 25 Januarie 2021 vir personeel te open en op 27 Januarie 2021 vir leerders. Weens COVID-19 is daar weereens 'n stokkie voor die heropening van skole gesteek en die Minister van Basiese Onderwys het die aanvangsdatums as volg gewysig:

Die skoolbestuur begin steeds op 25 Januarie 2021.
Die res van die personeel begin op 1 Februarie 2021.
Leerders begin op 15 Februarie 2021 (Leerders mag in hul LOV-drag skooltoe kom)

Die skool se bestuurspan sal eerskomende Maandag (18 Januarie 2021) vergader om die beplanning te doen rondom die nuwe verwikkelinge. Hierdie beplanning sal spoedig aan almal gekommunikeer word. Hou asseblief in gedagte dat die Minister van Basiese Onderwys eers die nuwe direktiewe in 'n Staatskoerant moet publiseer alvorens die skool akkurate inligting en die pad vorentoe kan aankondig.

Ouers moet asseblief nie bekommerd wees oor die verspreiding van akademiese werk nie, die skool het reeds sisteme in plek om hierdie uitdaging te hanteer. Daar sal binnekort met ouers gekommunikeer word.

Ek wil ouers verseker dat indien skole toegelaat gaan word om aansoek te doen om vroeër te kan begin, die Riebies beslis weer aansoek sal doen. Die skool het verlede jaar alle veiligheidsaspekte in plek gehad en is weer gereed om die leerders veilig te ontvang, indien dit toegelaat sou word.

When it all seems like an uphill struggle,
just visualize the view from the top.

GRAAD R EN GRAAD RR

Ek wil ouers daarop wys dat die skool se Graad RR en Graad R leerders steeds, soos beplan op 27 Januarie 2021 begin. Verdere kommunikasie sal spoedig aan ouers versprei word.

SPORT-OEFENINGE

Die skool was die afgelope tyd, sedert 28 Desember 2020 druk besig met atletiek-, rugby- en netbal-oefeninge gewees. Die belangstelling het geweldig gegroei en die skool het gerieflik in die twee ure wat ons in die oggende besig was, meer as ‘n 100 leerders geleentheid gebied om deel te kan wees.

Ongelukkig mag die skool vanaf 18 Januarie 2021 nie meer enige sport afrig tot verdere kennisgewing nie. Die Nasionale Sportverenigings verbied dit. Dit is werklik ‘n nekslag vir die personeel, ouers en leerders.

Ons moet dit egter nie uit die oog verloor dat die nuwe vlaag Covid-19 ons land getref het nie. Dit raak ons almal en almal se veiligheid geniet nou prioriteit.

Ek doen ‘n beroep op leerders om steeds fiks te bly en daagliks ‘n geleentheid te skep om te oefen. Daar sal oefen-programme aan leerders verskaf word om sodoende aan te hou om te oefen en voorbereid te wees, indien daar geleentheid gebied word om sportbyeenkomste te hou.

NASKOOLSENTRUM

Die skool se Naskoolsentrum is reeds vanaf 11 Januarie 2021 oop, ouers kan gerus steeds van hierdie dienste gebruik maak. Warm etes word daagliks voorberei en bedien.

Tye	:	06:30 tot 17:30
Kostes	:	R785.00 per maand

LOV-DRAG

Die skool het vanaf 2021 ‘n nuwe LOV-hempie, soos reeds verlede jaar aan ouers gekommunikeer. Die nuwe LOV-hempie is tans by School & Leisure beskikbaar en sal vanaf die tweede kwartaal ook by Boundary Silk Bazaar beskikbaar wees. As gevolg van ‘n vryemarkstelsel het die skool ongelukkig nie veel insae met die pryse van produkte nie, alhoewel die skool reeds in gesprek was met School & Leisure met betrekking tot die huidige prys van die nuwe LOV-hempie. Daar is versoek dat die prys hersien moet word, omrede die kostes volgens ons buitensporig is.

Ouers kan alternatiewelik die **ou** LOV-hempie teen ‘n billike prys by Boundary Silk Bazaar aankoop.

Die skool is ook tans besig met onderhandelinge met ‘n derde diensverskaffer. Ouers sal op hoogte gehou word.

“Life is 10% what happens to us and 90% how we react to it.”

~Dennis P Kimbro~

V BOTHA
SKOOLHOOF